DIE AFRIKAANSE PROTESTANTSE AKADEMIE MSW
Registrasienommer: 2002/031756/08
By die Departement van Hoër Onderwys en Opleiding as 'n privaat tersiêre onderwysinstelling geregistreer kragtens die Hoër Onderwyswet van 1997
Registrasiesertifikaat Nr. 1999/HE08/001

AP AKADEMIE
"Du spore - nuwe weë"

Omsendbrief BA 8.2/20 6 Mei 2020

Geagte BA en NGOS studente

Die Senaat van die APA het op 6 Mei 2020 vergader en die volgende belangrike besluite ten opsigte van die komende eksamen geneem:

1. Die fisiese aflê van eksamens by eksamensentrums vir die eerste semester eksamen in Mei-Junie 2020 word as gevolg van die inperkingsbevel afgestel.
2. Wat die BA studente betref, moet 'n addisionele assessering wat die bestek van die hele semester dek wel gedoen word, en dit sal geskied op dieselfde datum as wat die oorspronklike eksamenrooster daarvoor gereël het. Sodoende word die studente se studie en werkslading so regverdig as moontlik en so eweredig as moontlik versprei. Studente sal hiervoor nie na enige plek toe hoef te ry as die gewone plek waar hulle internet-toegang het vir hul studies nie.
3. Wat die NGOS studente betref, is daar net een eksamenvak hierdie semester en hierdie studente word op dieselfde wyse as in punt nommer 2 hanteer.
4. Die semesterpunt sal soos volg bereken word: In al die kursusse sal die laaste assessering 50% van die finale punt uitmaak en die assesserings deur die loop van die semester die ander 50%.
5. Die dosente in elke vak sal met die studente kommunikeer oor wat die aard van die assessering sal wees.

Sterkte met die assessering en maak gebruik van die geleentheid om goeie punte te behaal! Kontak u dosent indien u enige verdere vrae het.

Vriendelike groete,

Alwyn Swanepoel
Dekaan: Lettere en wysbegeerte

Farendenstraat 430
SUNNYSIDE
0002

Tel: (012) 344-3960/1/2
Faks: (012) 344-5480

E-pos: info@apa.ac.za
www.apa.ac.za

Direkteure: Proff. JAE Adendorff, CA Swanepoel, SD Nel, GDS Smit